

# Duidelike reëls nodig vir kragplan

Francois Williams,

'n Gelyke speelveld waar die reëls deursigtig is en billike toegang tot die kragnetwerk is wat nodig is om hernieubare energie in Suid-Afrika te laat groei, sê dr. Eddie O'Connor, uitvoerende hoof van Mainstream Renewable Power.

O'Connor het in 'n telefoniese onderhoud uit Ierland gesê navorsing het getoon windkrag help om elektrisiteitstariewe te verlaag en stabiel te hou. Die aanvangskoste van windplase is hoog, maar daarna is die brandstofkoste nul terwyl die prys van steenkool en olie onvoorspelbaar en wisselvallig is.

Die feit dat windkrag geen brandstofkoste het nie, verminder die risiko vir 'n kragmaatskappy en stabiliseer koste.

O'Connor sê in Denemarke, waar 23% van die elektrisiteit deur windkrag gelewer word, is die groothandelkragpryse van die laagste in Europa, al word kleinhandelpryse swaar met belasting gelaai. In Duitsland, wat 25 000 MW se windkragvermoë het, is daar tye dat elektrisiteitspryse daal wanneer die wind waai.

O'Connor is sedert 1997 in die windkragbedryf betrokke.

Mainstream Renewables het 'n vennootskap van sowat R11 miljard met die plaaslike onderneming Genesis Eco-Energy gesluit vir die ontwikkeling van sowat 1 000

MW se windkragvermoë in Suid-Afrika. Die eerste projekte is 'n windplaas van 30 MW by Jeffreysbaai in die Oos-Kaap, en nog 'n windplaas by Colesberg in die Karoo.

O'Connor kom in November na Suid-Afrika om gesprek te voer met me. Dipuo Peters, minister van energie, asook met Eskom-vertegenwoordigers, om die uitbreiding van hernieubare energie in die land te bevorder.

Hy sê aanvanklike studies toon dat Suid-Afrika soveel as 70 000 MW se windkragpotensiaal het. Hy sê dit is moontlik en absoluut noodsaaklik dat die wêreld mettertyd na 100% hernieubare elektrisiteit sal moet oorskakel weens die bedreiging van aardverwarming. Daar sal 'n punt kom wanneer besluit sal word om die oorblywende steenkoolreserwes eerder in die grond te los weens die gevare van kweekhuisgasvrystellings.

Europa kan teen 2050 tot 50% van sy elektrisiteit uit windkrag opwek, 30% uit sonkrag, 10% uit nuwe hernieubare-energie-technologieë en 10% uit kernkrag, sê O'Connor.

Mainstream Renewables beoog om soveel as moontlik in plaaslike gemeenskappe te investeer wanneer die groep in Suid-Afrika belê. Hernieubare energie is arbeidsintensief. As die bedryf sterk groei in Suid-Afrika sal die groot windturbinevervaardigers van Europa soos Siemens en Vestas fabriek hier wil vestig, wat nog meer werkgeleenthede kan skep.

Wat nodig is vir vinnige en aggressiewe uitbreiding van hernieubare energie is deursigtige reëls oor die rol wat die staat aan Eskom toegeken het as enkele aankoper van onafhanklike kragprodusente se produk, duidelikheid oor bemagtigingsvereistes en toegang tot die kragnetwerk, het O'Connor gesê.

) O'Connor sê windkrag is al kommersieel suksesvol bewys. Hy het die windkragmaatskappy Airtricity in 1997 gestig en in Januarie verlede jaar vir € 1,8 miljard verkoop. Die Duitse kragmaatskappy Eon het Airtricity se Noord-Amerikaanse filiaal gekoop en die Britse groep Scottish and Southern Energy die res. O'Connor het die konsep van die "European Offshore Supergrid" bevorder, wat die bou van 'n reeks gekoppelde windplase in die see behels wat Europa sal help om

energie-onafhanklik te word.

**Windturbines by die nuwe Capital-windplaas naby Tarago 35 km noord van Canberra. Foto: tim wimborne, reuters**

"Hierdie berig is n presiese weergawe van die berig wat in die koerant verskyn het. Regstellings rakende die berig is moontlik n□ie publikasie daarvan gedoen. Soek asseblief in die argief en/of ander nuusbronne vir moontlike regstellings om die nuutste inligting te bekom."

"This article represents the text exactly as it was published